HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

INLEIDING

Welkom terug na die lang vakansie. Ons glo en vertrou dat almal uitgerus is en met nuwe moed en krag die nuwe kwartaal sal aanpak.

Baie geluk en dankie aan die leerders wat ware ambassadeurs vir Hoërskool Fichardtpark was. Ons het verskeie prag prestasies die vakansie gelewer.

CHEERLEADERS

Baie geluk aan ons Cheerleaders wat 'n eerste plek behaal het tydens die Suid-Afrikaanse Cheerleading Kompetisie. In die proses het ons prominente skole uitgestof. Julle harde werk is uiteindelik beloon!!

NASIONALE BAANSKIET KAMPIOENSKAPPE

Geluk aan Simoné de Witt wat kwalifiseer om die Vrystaatspan te verteenwoordig in baanskiet tydens die Nasionale Kampioenskappe.

KARATE

Madri Welmans neem deel aan die "African Cup" waar sy die Vrystaat verteenwoordig.

VOORTREKKERS

Die volgende leerlinge het Presidentsverkenners afrondingskamp bygewoon tydens die vakansie: Anne Ferreira, Ilzené Douglas, Ruben van Zyl, James Havenga.

BOKKIEWEEK

Baie geluk aan die volgende leerders wat aan die Bokkieweek deelgeneem het:

Rugby: o/19: Kobus Duvenhage

Netbal: Sunelka McMahon, Ladene Liebenberg (o/14), Dané Scholtz, Charissa Botes, Abbey Fivaz, Juane van der Walt, Elmarie Neethling (o/16), Ilzené Douglas, Anjonette McMahon, Carmen Vorster, Zandri Vorster, Danica Windt (o/19). Zandri, Ilzené, Anjonette en Carmen is aangewys as die top 35 spelers van die toernooi.

Danica en Ilzené is gekies vir die SA Jeugspan na Dubai.

Hokkie: Dean Lategan, G.C du Toit (o/15 Seuns). Marelize Slabberts, Megan van der Westhuizen, Lee-Ann Bolten, Chanel Lategan, Anel Pieterse (o/16 Dogters). Luan Nienaber, Liam Mcintyre, Anrico Friederichs, Franco Smit, J.P Wiese, Wynand van der Berg (o/18 Seuns). Nico Scott, Joanette Niemand, Bernice Booysen (o/19 dogters).

Die volgende leerders is gekies die spanne:
G.C du Toit SA-Bokkie o/15
Anel Pieterse SA-Bokkie Presidentspan
Anrico Friederichs SA-Bokkie Gazelle 0/19
J.P Wiese SA-Bokkie o/19
Bernice Booysen SA-Bokkie Gazelle o/19
Joanette Niemand SA-Bokkie Gazelle o/19

MODELLE

Charissa Botes is gekroon as "Miss Teen Free State Art Festival" by die Vryfees as 1ste prinses en Mej Persoonlikheid.

Bella van Rhyn is gekroon as "Miss Teen Free State Mzantzi" 1ste Prinses asook "Philantropist achievement" en Senior Mej Persoonlikheid

Zané Gericke is gekroon as 2de Prinses.

Lee-Ann Lambrechts is gekroon as "Miss Junior Free State Mzantzi" en die wenner van die "Public Choice Award"

STOEI

Rhyno Groenewald verower 'n bronsmedalje tydens die SA-Stoeikampioenskappe.

SKAAK EN HOKKIE

Baie sterkte met die skaak en hokkie

Die volgende leerders is opgeneem in die Strukture van Vrystaat Hoërskole.

Rugby

o/15 Vrystaatspan

Jandré van der Merwe, Celano Fransman

o/16 Vyftientalspan

Tian Kemp, MJ Douglas wen die hoofwedstryd van toernooi teen Pumas.

o/17 Vrystaatspan

Reno Kok, Nicholas du Buison, Francois Bester, JT van der Walt wen die hoofwedstryd van die toernooi teen Valke. Reno en Francois word gekies vir die Rhino Span na Skotland, Engeland en Wallis.

o/19 Arende span

Renaldo Davids, Jannes de Jager, Andrew Fisher, Arno Pienaar, Clement Roodt, Ian Roberts, Herman Steenkamp wen die hoofwedstryd van die toernooi teen die Luiperds.

Herman, Ivan, Andrew, Clement en Jannes word gekies vir die VKB-span na Ierland.

Netbal

Amy Jacobs, Lebo Moremme (o/14A), Suné Groenewald (o/15A), Elri Groenewald (o/16A)

Hokkie

Juan Barnard (o/18B), JP Wise (o/16B), Martin Coetzee (o/16C), Annelé Scott (o/18), Marnie Dreyer (o/16B), Carla van Zyl (o/14B)

SATERDAG, 21 JULIE SENTRALE SPORTREEKS TEEN HOëRSKOOL NOORD-KAAP IN KIMBERLEY

RUGBY

TYD	A-VELD
08:30	o/14A
09:30	o/15A
10:30	o/19B
14:40	o/16A
13:00	o/19A
TYD	**B-VELD**
08:30	o/19C

NETBAL

TYD	BAAN 1
09:00	o/15B
09:40	o/15A

HOKKIE

TYD	ASTRO
08:40 – 09:55	o/16 seuns
10:00 – 10:55	o/19 seuns
11:00 – 12:15	o/19 dogters
12:20 – 13:15	o/16 dogters

o/16: 25 min per helfte
5 min breuk

o/19: 30 min per helfte
5 min breuk
10 min om op te warm

BUSSE VERTREK OM 05:30

DERDE KWARTAAL

Die kwartaal gaan baie besig wees. Ons herinner ouers weer aan 'n klompie belangrike datums.

16 Augustus – Manne aand. (kontak mnr Pieter van Staden
23 Augustus - Musiekaand Matthys Roets (kontak mev Joanita Erasmus-Alt)
7 September - Gholfdag (kontak mnr Pieter van Staden